Sin. alg. Send. Kom.
Vergadering gehou in die Sending Kantoor op 27 Feb. 1929.

Teenwoordig is. Di A.J. Malherbe (voorsitter) H.S.M. Botha (visie voorsitter) L.J. v. Wyk. E.A. Liebenberg, C.W. de Wet, C.F. Kies. I. D.J. Murray en die Sekretaris J.G. Strydom afwesig is Ds C.R. Ferreira (op vakansie) - sy sekundus neem sy plek in - en Ds J du Plessis wat weens siekte tuis, nie kon kom nie:-
Die vergadering word geopen met die lees van 'n gedeelte uit die Bybel en 'n kort woord word deur Ds Botha gespreek waarna vier Brs in die gebed voorgaan.
Ds van Wyk wys daar op dat die notule op sommige plekke te kort is en dat later ~~dit nie~~ sal duidelik wees wat bedoel word nie. Die Sekretaris sal sien dat hier die leemte aangevul sal word.
Dit word bepaal om die sittings ure te hou van 9:30 — 12:45 en 2:30 tot 5 en dan 7:30 — weer te begin in die aand.
Die notule word goed gekeur en geteken —

## Buiteland

1 Drukpers:– 'n Brief van Eerw G. Veltman word gelees waarin hy die saak verduidelik waarom hy eers oor twee jaar die bedrag van £500 kan gee. Aan die selfde Kom. word dit opgedra ondersoek in te stel insake die prys van 'n nuwe en 'n 2de hand drukpers.

2 Lorrie:– Voorgestel – Ds Botha en v. Wyk dat as dit nodig is die Raads-Kom. die ou Lorrie kan inruil by 'n garage en 'n nuwe koop maar dat kwotasies by ten minste twee plekke gevra sal word. ten einde die goedkoopste te koop:–

3 Legate:– Dit word aan die Voorsitter opgedra is stuk in die Kerkblode te doen en dit op die gemoed van welgestelde persone te druk in hul testamente tog te dink aan die Binne en Buitelandse Sending:

4 Kerk v. Midden Afrika:– Daar die saak reeds afgehandel is deur die Sinodale Kom. en die besluit van die Sinode gesuspendeer is, word die saak nie verder bespreek nie.

5 Brief van Ds. Rauw aan die Voorsitter van die Sin. Kom. word nou gelees. en die volgende besluit geneem

Ds Rauw maak beswaar teen die brief van die Send. Sekretaris waarin hy die redes noem wat die Send. Kom. beweeg het die saak weer voor die Sinodale Kom. te bring. Hy wil weet of die brief die gees van die Send. Kom. weer gee. Sy opvatting daar van is (a) Dat die yver van die Sendelinge van Kerkvereniging aan die laë motiewe van eië eer en eië opinie toegeskryf word en (b) dat die grootste wantroue in die lede van die Send. Raad in die brief uitgedruk word. Dit spyt die Verg. innig dat die brief so'n indruk gemaak het en die volgende besluit word eenparig aangeneem:—

1 Dit was nooit in die ~~Verg.~~ gedagte van die Send. Kom. om onwaardige motiewe aan die Brs Sendelinge toe te skryf nie. Trouens daar is op die vergadering (Sept 1928) geen enkel woord daar van gerep nie

2 Dat die Send. Kom. die volste vertroue het in ons arbeiders in die send. veld, en graag gebruik maak van hier die geleendheid om sy hoë waardering uit te spreek van hul le werk wat met so veel opoffering en toewyding gedoen word.

Die Sending Sekretaris kry

teweens bie geleentheid om
'n verklaring te gee van die
uitdrukkings wat is verkeurde
in druk in die Send. veld gegee het,
die vergadering is oortuig dat
die hele saak op 'n misverstand
berus. Dit blyk o.a. dat met
"jong kerels" in die uitdrukking
"Een van die dae is u weg en
die jong kerels" die sekretaris
nie op die oog gehad het die teen-
woordige Send. staf nie, maar
wel die jongere geslag wat nou
opgelei word. In sy skrywe
van 30 Nov. 1928 aan Ds Pauw
maak die Sekr. dit duidelik dat
daar geen refleksie op die
Sending Raad gewerp
word nie en die vergade-
ring vertrou dat die Bes. Sende-
linge sy versekering sal
aanneem dat daar nooit
so 'n bedoeling in sy
skrywe was nie. Die
vergadering besluit om
'n afskrif van hierdie
besluit aan Ds Pauw,
voorsitter van die Send. Raad,
te stuur.

6 Eerw. J.A. Botha. Aansoek is getoon
by die Sinodale Kom. vir Eerw.
Botha om weens aanhoudende
siekte op Pensioen af te tree
Die versoek is toegestaan en

Eerw Botha trek pensioen (£100 p.j.) sedert November 1928.
Hy versoek die Kom. om sy assuransie premie en kindertoelaë nog te betaal.
Dit word besluit - Daar die Reglement nie voorsiening maak vir so'n geval nie, word aan Eerw Botha die som van £25 gegee vir 1929. Hy mag weer aansoek doen aan die end van die jaar as die nood druk.

7 Biblioteek: aan Ds Botha en du Plessis word dit weer opgedra in die saak handelend op te tree.

8 Ring v. Bulawayo: Dit word besluit is skrywe te rig aan al die gemeentes daar, hul te wys op die artikel in die Kerkwet wat dit neer lê dat elke gemeente plaaslik moet sending werk doen. Die Sekretaris sal ook uitvind wat tans in die gemeentes in Rhodesia gedoen word.

9 agent te Lusaka: - Een brief van Ds H.A. de Wet word gelees. Daarby ~~sy~~ te meld dat hy is die Heer S. Fisher as agent daar aangestel aan wie alle sending goedere gestuur moet word - maar die vragprys moet op alles betaal wees en die doane vorms moet ~~saam~~ met die goed aan Mn Fisher gestuur word. Die Sekr. sal in die Kerkbode ~~daar~~ van kennis gee.

10 Boerdery. Die Verg. is bly te verneem dat dit so ver ~~goed~~ goed gegaan het met die Boerdery

en besluit dat ons skrywe sal gaan
aan Br. v. Eeden van waarde-
ring vir die werk wat hy op die plaas
11 gedoen het en nog doen.
T. Hospitaal te Madzimoyo. Aan Dr.
Knobel word die reg gegee die
benodigtheide te koop waar hy dit
op die beste wyse kan kry. Niets die
12 bedrag nie oor £20 gaan nie.
Mnr A. Kriek. 'n Brief word gelees van
mnr Kriek waarin hy hom bereid
verklaar om as landbou onderwyser
na die Binneland te gaan maar hy
meen dat dit beter is dat hy sy diplo
ma op Glen eers sal behaal
Dit word besluit aan ~~hom~~ te skryf
dat hy die voorkeur sal kry as
hy klaar is op Glen by die aan-
13 stellings vir daardie werk:
Brandfort Gem: 'n Brief van Ds E.A. Pienaar
word gelees waarin hy die hoop uit-
spreek dat hy sy Gem. sal kan beweeg
met die hulp van die V.S. Bond. Dr W.J.
Knobel te neem as hul sendeling en
sy volle salaris te betaal. Die Verga-
dering verneem dit met dank en die
voorsitter spreek die hoop uit dat hy vertrou
die Gem. sal dit oorneem as
14 die saak voor hul gelê word.
Grond te Lusaka. 'n Brief van
prokureur Haddon van Lusaka
word gelees. Hy vra £10 . 9 . 6
vir die oorsit van die morg
grond wat Mnr Oosthuizen aan

die Sending gegee het op die naam van die N.G. Kerk in die O.V.S. te sit. Besluit aan Ds de Wet te skryf en hom te vra in die saak in te gaan en as hy dit alles in orde vind sal met die saak voortgegaan word.

15 Raadskommissie Besluite:_

(a) 17-18 Okt 1928.

(a) Punt 2. word geamendeer by lees as volg. "Dit word besluit dat hoofde van departemente self eie Rekwesisies moet opmaak maar dat dit deur die hoofde van die betrokke stasies naar die Boekhouer gaan." Die amendasie is as volg. "Rekwesiesies van hoofde van departemente moet goedkeuring van stasie hoof hê al voreus dit aan die Boekhouer gestuur word deur die Hoof van die stasie.

(b) Punt 4. Die Raadskom. vra in verband met die tug van Sendelinge: of die besluit van die laaste Sinode as uitleg van die wet ook betrekking het op andere Kerklike en Gemeentelike verpligtinge _ Die antwoord van die Kom. is dat ons sendelinge ook die ander Kerklike en Gemeentelike voorregte geniet en die verpligtinge moet na Kom. van die Gemeente waaronder hul sorteer.

(c) Punt 6. Boeklesighied: Die Raads-Kom. wil die lesighied op hul self neem en skryf maar vra die Kom. die agterstallige skulde te betaal. Dit word besluit

dat aan die Raadskom. verlof gegee word al die gelde wat vir die Boeke ingekom het van die datum (Aug. 1928) wat die Rekwesiesie voorms in werking getree het, tot 31 Des. 1928 te gebruik ~~om~~ om die agterstallige skulde te betaal en dan kennis te gee hoe die saak staan. Daar ons alweer met 'n groot somoortrek is kan die Kom. niks ~~aan~~ die ~~saak~~ doen nie.

(d) punt 5 Die aanstelling van mnr Jan Taljaard op Madjimoyo – Daar skyn 'n misverstand te wees – Die landbou skool wat op Dirika was, is verskuif na Madjimoyo. Br Taljaard moes gaan as hoof van daar die skool wat saam, in sekere sin, met die normaal skool gedryf word omdat daar sekere vakke is wat in beide skole gedoseer moet word, en dus uitstaan die Kom. dat Br Taljaard of sy opvolger spesiaal vir die landbou skool aangestel is en as sodanig ± £200 van die Regering sal ontvang vir 1929 volgens belofte van die Regering aan die Deputasie.

(e) punt 7 Die afskaffing van Sending kantoor op Ft Jameson. Hierdie kwessie bly oorstaan tot later.

(f) punt 8. Aansluiting by die Kerk van midden afrika – Hierdie saak is reeds deur die Sinodale Kom. afgehandel.

(g) punt 9 Besluit dat (die aansluiting van B.Hill by die Raad) sodra die verkeer tussen Lusaka en Fort Jameson geneed is die saak deur gesit moet word.

(h) punt 24:- Motor toelaag vir Dr. W. F. Knobel. Die Raadskom. wil 9 permyl hê. Dit word besluit die Dr. 'n motor toelaag van £3 p.m. nie terug gaande te gee.

(i) " 25 Bedanking B. Galjaard. Daar Galjaard bedank het op grond dat hy hierdie jaar die Kursus op Glen wil bywoon, besluit-ing dat sy reiskoste sal betaal word mits hy in diens van die Sending oor tree as hy klaar is op Glen. Hy sal intussen 'n skuldbewys gee vir die bedrag van sy Reiskoste.

(j) 28 Ds. Kriige na B. Hill. Daar die Raad Ds. Kriige nie kan mis nie besluit die vergadering die Raad in kennis te stel om 'n ander Br te stuur wat die "belangrike pligte sal gewillig wees te dra en veral in verband met die Regering en die adviserende Raad vir Nat. opvoeding.

B. Raadskom. Besluite 11 Des. '28

punt 2 Boekbesigheid. Die saak is reeds afgehandel

3. "Dat geen geld getrek word nie al vokens kennisverklaring dat die geld van die Sendingkantoor verkrygis," word goed gekeur.

C Raadskom. besluite — 9 en 10 Jan. 1929

(a) punt 6. £10 word gevra vir pad na Kanonstasie. Dit word toegestaan:-

(b) 8 werkswinkel vra £99:13 – Dit word goed gekeur.

(c) 27 Vir Boerdery word £50.10 gevra vir Room afskeier en sif draad Kas. Dit word toegestaan.

(d) 28. Mej. Spies vra vir verlof om op Kuslus te gaan reeds in Junie. Die Raad keur dit goed mits iemand in haar plek kom. Dit word besluit aangesien Mej. S.v.d. Heever nie weer wil terug gaan as onderwyseres nie word sy aan gestel om Mej Spies haar plek te gaan neem in Junie en voorts sal sy as matrone diens in die Sentrifugeveld doen.

(e) 30 Ds Knobel: Die Raad besluit "dat hy behalwe dringende gevalle 4 maal in die jaar die stasies moet besoek." Hier die besluit sal nie kan uitgevoer word nie, daar die vergadering reeds die toelaag van die Ds. soos gestel het op. £3 per maand nie te bo gaande nie:

(f) 34. werkers (stes) nodig in S. Veld hierdie jaar.
(1) Vir matjiemoys
(a) Santbou en sleypwerk instrukteur –
Die Sekr. word gelas uit te sien na so 'n persoon.
(b) 'n Verpleegster.
Dit word besluit Mej. M. le Roux haar vol salaris te gee van af.

Jan 29 en tree te laat 'n Kursus in die Booth Memorial Hospitaal Kaapstad, ('n Kraam inrigting) deur te maak. In geval sy Kort-Kom in die onkoste, sal die Kom. haar die geld leen om later weer terug betaal te word. Sy sal na Madzimoyo gaan as sy terug gaan.

(2) Nyanje. 'n Matrone. Mej. Sw. Huven word vir die pos aangestel.

(3) Onderwysers vir Merwe en Hofmeyr. Meer as die drie onderwyseresse wat tans in die veld is kan die vergadering nie stuur nie

(4) Verpleegsters vir Merwe en Hofmeyr Die Sekretaris sal na 'n verpleegster uitsien.

(5) 'n Leraar. Die Sekretaris sal probeer 'n man te kry. Intussen word die Raad gevra een van die twee BRs wat van jaar moet uit kom te vra 6 maande langer te bly om die vakature te voorkom.

D. Raadskom Besluite. 30 Jan. '29

(a) (3) Die Saak van Bekker

Die stukke in verband met die klag teen die Heer Bekker — bouwmeester word gelees en ook 'n brief van Ds. Rauw — Die Kom. besluit met algemene stemme die besluit van die Raadskom. goed te keur nl. dat Bekker dadelik sy ontslag sal neem. Die klag is dathy

'n intieme Korrespondensie met
'n gebude dame ~~aan~~ in Bethlehem
aan die gang hou en dat hy
besig is baar van baar man af
16 te kry. Die besluit sal getelegrafeer word.
Dippenaar:
'n applikasie word behandel van
die Heer Wessel Dippenaar wat
sy dienste aanbied as bouwmeester
en timmerman. Die Ds Sertifikaat
en 'n flinke getuigskrif van
... Nieuwoudt, Huisvader
van Ons Kinderhuis, word gelees. Dippenaar is 6 jaar in
Ons Kinderhuis en 4 jaar of sy
ambag. Die Kom. besluit hom
aan te stel. Binneland:—
1: Jaar verslag van die Sind. Sekretaris.
punt 2, rakende die hele Binneland
se sending. Dit word besluit dat
die Sekretaris 'n skrywe sal
rig aan die Sending Kringe wat erlang sal vergader en op die punte
van belang sal wys en voor die aandag van die Kringe sal bring.
2 Sendelinge. Die vergadering besluit
dat (a) die Sekretaris sal skryf
aan die predikante waar daar
nog nie geordende leraars is
nie dat ~~Sendelinge~~ beroep sal word
so dat in die bresse getree
kan word viral in die Evangelisasie en opvoeding van die
naturelle in die gewestes woonagtig

(b) dat hy ook 'n brief sal skryf aan elke lid van die Send Kom; waar in alle informasie wat nuttig is om die ~~die~~ goeie saak by die Kerke, as andersins te bevorder, in bevat sal wees.

3 V.S. Bond. Dit word besluit die Susters van die V.S. Bond deur 'n skrywe te bedank vir hul ruime bydrae vir die Binne en Buitelandse sendingwerk en ook vir die motor wat hul die Sending Sekretaris gegee het.

Kerkbode Publiseer:-
Dit word besluit die hele verslag in die Kerkbode te publiseer.

4 Sendingwerk te Winburg:-
Briewe van Theunissen, Winburg en Rietfontein word gelees. Die ooreenkoms wat die Send. Sekr. getref het met die kommissies uit die Kerkeraad van Winburg en Rietfontein werd goedgekeur deur Rietfontein Kerkeraad maar nie deur die Winburg ~~Winburg~~ Kerkraad. Winburg eis dat Theunissen sy ooreenkoms met Winburg van 1913 rakende die beroep van Eerw. Saayman moet hou tot dat Winburg kennis gee dat die ooreenkoms nie meer van krag is nie.

Dit word besluit dat Ds Pienaar en die Sekretaris die drie betrokke Kerkrade sal antwoord of die saak by die 1st Ring sitting reg maak. Die Kom sluit [illegible]

een jaar toe, ten einde die saak te
5 Wintburg aan te help.

Stofberg:
Die Vergadering neem met blydskap kennis van die feit dat die Heer Bonnet wat goed gesorteer kan as prinsipaal te Stofberg aangestel. Verder word besluit dat £100 weer hierdie jaar vir
6 Stofberg gegee sal word

Thaba'nchu
Die besluit van die laaste Vergadering word in Revisie geneem en die bewoording sal nou as volg lees.
"Dit word besluit dat £300 per jaar uit die Binnelandse Kas gegee sal word vir die Salaris van die Sendeling met die verstandhouding dat die moeder Gem. en Send. Gem. sal probeer deur bydraes as ander sins die
7 som geleidelik af te kry."

Sending werk te Jagersfontein:
Dit word weer aan die Sekr. opgedra om te sien of Jagersfontein Koffiefontein en Fauresmith nie vir die Salaris van Eerw. Faasen sal instaan
8 nie.

Witzieshoek. Die Kom. wat op die laaste Verg. afgevaardig is na Witzieshoek lewer hul verslag.

Een brief van Gen. Hertzog word gelees waar in hy se dat hy 'n deputasie graag sal wil ontmoet oor die saak. Die moderator Ds Boshoff Ds. E.A. Reinaar en die sekretaris word benoem die 1ste minister so spoedig moontlik in Kaapstad
9 te gaan sien. "

Bydrae tot die "S.A. Gen. Miss. Conferensie"
Een brief van Ds. A. Hofmeyr word gelees waarin hy 'n bydrae vra vir die koste wat aan hulle die Konf. verbonde is. Die
10 versoek word nie toegestaan nie.

Pensioen van die Brs wat nog nie deelneem nie.
Hierdie saak sal voor die Julie verg.
11 van die Sinodale Kom. verg. gele word.

Briewe:

(a) Ds. Smit Kestell. Hy vra of die S. Kom. Eerw Ross nie kan vergoed vir wat hy uit sy sak op Witziesboek gespandeer het. Daar die Binnelandse kas leeg is, kan die vergadering aan hierdie saak niks doen nie.

(b) Ds. Oelofset, Thaba nchu. Hy skryf as sekr. van die M.S.B. dat die Hoofbestuur besluit het die alg. Sind. Kom. te vra 'n algemene Sind. Konf. te hou hierdie jaar. Indien moontlik op Kroonstad en wel gedurende die Junie vakansie

Elke gem. stuur so veel afgevaardigdes as hy kan. Die Kongres fooi sal 10/- wees vir elke afgevaardigde.
Die verdere organisasie word gelaat aan ~~Ds~~ de Wet (Sekr. m.S. Bond) en die Sind. Sekretaris. Hulle sal ook die program optrek.

alg. Sind. Blad:-
Briewe word gelees van die Sind. Kom. van die gefedereerde Kerke aan wie die Sekretaris oor die saak geskryf het. Dit blyk dat almal ten gunste van dié saak is.
Dit word daarop besluit dat die saak voor die Raad der Kerke gebring sal word en wel by sy 1ste sitting met die versoek om uitvoering daaraan te gee.

(c) Mnr. D. v. d. Merwe Rosendal skryf oor Skool sake. Hy raak baie belangrike punte aan insetand met naturelle onderwys.
Dit word besluit hom te antwoord dat die Kom. met genoë kennis geneem het van die inhoud van sy brief en ^hoop die punte te bespreek op die a.s. Kongres. Die Voorsitter die hoop dat mnr. v. d. Merwe self ook daar sal wees.

(d) Eerw J. de Villiers – Kaapstad. Hy vra 'n Bydrae vir die werk onder die naturelle in die Kaapse skiereiland – en meld dat vele lede van die Vrystaat se sendingkerk is. £10 word gestem vir een jaar slegs.

(e) Brief van Naturelle Kommissaris aan Ds Louw waarin hy met veel lof van ons sending werk praat – sal in die Kerkbode gepubliseer word.

**Finansies**: Die saakgelastigde lê die finansiële staat voor die vergadering as ook 'n begroting

(1) vir 1929. Binneland.

Die inkomste van hierdie Fonds vir 1927 was £1265: 6: 2 teen £1679: 12: 10 vir 1928. Dit beteken 'n vermeerdering van £414: 6: 8 vir die afgelope jaar. Hierteenoor was die uitgawe £1646: 10: 6 vir 1927 en £1785: 2: 4 vir 1928. Die uitgawe van 1928 is dus meer as die inkomste – dus sal daar hierdie jaar 'n groter inkomste moet kom.

Buiteland

Hier die fonds het 31 Des. 1928 'n tekort van £994: 3: 2. Dit blyk dat die Inkomste vir 1928 £11394. was teenoor 1927 £9538 dus 'n vermeerdering van £1756. Aan die anderkant was die uitgawe – wat te wyte was aan verhoging van salarisse en volsalaris vir die Rustyd – ook meer dan die vorige jaar vl. 1927 £11005.16.11 en 1928 £12342:1:4

Begroting vir 1929.

Binneland £1796 – daar ons Thaba Nchu ook nou het, sal die Inkomste versterk moet word.

Buiteland. £11445 – Die gemeentes kla nog nie voldoende by nie. As dit geskied sal daar nie 'n tekort wees nie. Die Voorsitter dank die saakgelastigde vir sy hulp.

Sending onder Israël:

1 'n Verslag van Eerw Kohl word gelees en met belangstelling aangehoor.

2 Pastor Philips verskyn in die vergadering. Hy is 'n bejaarde man en is meer dan 40 jaar gelede tot Bekering gekom. Hy is nog begerig onder sy volk (die Jode te werk.) Daar Eerw. Kohl nie die jaar na die O.V.S. sal kan kom nie word pastor Philips vir 'n maand aangestel teen 'n salaris van £20

3 'n Brief word gelees van sekere heer A. Holzer - ook 'n bekeerde Jood. Hy is begerig na S.A. te kom, indien hy geldelik gehelp word - Reiskoste. Die doel van sy koms is om voorlesinge te gee en so doende propoganda te maak vir die Kristendom onder die Jode. Besluit £25 by te dra vir 'n fonds vir die doel wat die Heer Holzer beoog. Dit word aan die sub. Kom. vir werk onder Jode - opgedra te onderhandel met die gefedereerde Kommissies in verband met die koms van die Heer Holzer.

Werk te Livingstone:
Ds de Beer stel sy oor die

wek en maak melding dat een kraan vir die Blankes en die naturelle op Livingstone die beste sal wees.
Die Vergadering besluit 'n afskrif van die brief van Ds Wet aan die Armsorg Kom. te stuur en hul te vra in die saak handelend op te tree. Die Send. Kom. sal help waar hy kan.

werk onder Blankes. Mej. Botes en v d Heever verskyn in die vergadering. Doen Versl. oor hul werk. Groenewald—
Mej. Botes vra drie maande langer verlof ten einde na Engeland te gaan om die Braille drukkuns verder te gaan studeer en dit is pers aan te koop. Haar versoek word deur die vergadering toegestaan en dit word besluit die Gem. van Krompsburg te vra haar reiskoste na Engeland te betaal. Ook besluit die vergadering ander pogings aan te wend indien nodig ten einde die nodige som te vind.
Die Vergadering word met gebed gesluit.

[signature]
Hendrik ... Botha.
C. R. Ferreira
C. W. de Wet.
W. J. Meijs
J. du Plessis
E. A. Pienaar
Z. J. v. Wijk.
J. G. Strijdom